

## Kaptein, kaptein.....o, waarheen ry die trein?

*n Perspektief op die geykte en uiters betwisbare stelling deur leiers en lede van die Ou Apostoliese Kerk (OAK) dat die Kerk in wese en dogma nooit verander het nie en dat dit derhalwe nog dieselfde kerk is wat deur die Apostel Karl Klippe in 1927 op die been gebring is. Die teendeel blyk egter waar te wees en daarom sal in hierdie dokument gepoog word om sommige van die tersaaklike kern aspekte te belig.*

*deur W Johanneson*

### **1 Inleiding**

- 1.1** Aangesien verandering konstant is, is dit feitlik onmoontlik vir die OAK om hierdie proses vry te spring. Wat hier ter sprake is, is dat daar klaarblyklik van lede (en ampte) verwag word om te glo dat niks in die Kerk sedert sy ontstaan in 1927 verander het nie. Preke en leringe is deurspek hiervan.
- 1.2** Feit is dat die Kerk sedert 1972 (jaar van die grootste breuk in die OAK), beide in wese en dogma wel fundamenteel verander het. Die leierskap ontken dit heftig en hoop blykbaar dat hierdie “warrelwind” gou sal verby trek. Kan die dwaling/misverstand wat hieroor onder die gemeentes bestaan dalk toegeskryf word aan die feit dat lede/gemeentes totaal van gesprekke en besluitnemingsprosesse in hul eie Kerk uitgesluit is?
- 1.3** Die pre-1972 era in die Kerk was gekenmerk deur ongekende groei in getalle, hoofsaaklik in bruin en swart gelede. Na 1972 word n volgehoue afwaartse tendens sover dit groei en ontwikkeling in die Kerk betref, ervaar. As die vrees vir stagnasie dalk tot onlangs nog die leierskap hoofbrekens besorg het, lyk dit in 2012 asof agteruitgang oor n bree spektrum nader aan die waarheid is.
- 1.4** Groei en ontwikkeling word gekniehalter deur die klaarblyklike onwilligheid deur die leierskap om te aanvaar dat die oplossing in wesenlike grondwetlike en administratiewe hervorming lê. Gaan dit dalk n eiesoortige “OAK-lente” deur die gemeentes verg om die huidige leierskap uit hul gemaksone van totalitêre beheer en die gepaardgaande rojale vergoedingspakkette te skop? Die ongeduld met meningsverskil in die Kerk, asook die verbod op openbare debat oor kerksake, dra by tot hierdie kookpot/tydbom.
- 1.5** Bogemelde aspekte vind neerslag in n negatiewe openbare beeld waarmee die OAK toenemend gekonfronteer word. Die onmiddellike uitskot hiervan is dat die getalle van die innome van nuwe lede, vergeleke met pre-1972, feitlik op zero te staan gekom het. Mense is altyd bereid om na die goeie boodskap van die Kerk te luister, maar het geen begeerte om hulle kerke te verlaat om deel te word van die stemlose en magtelose massas in die OAK nie. Mense word afgeskrik deur n patetiese beeld. Die huidige administratiewe landskap en die mentaliteit van die leiers is dus die Kerk se grootste vyande.

- 1.6** Die OAK van die post-1972 era steier steeds onder die monsteragtige bagasie uit sy verlede – erfenis (oorblywende kankerselle in die liggaam) van apartheidverwante aksies, asook voortdurende insidente van rassisme – wat slegs deur interne prosesse van ontboeseming en rekonsiliasie uit die weg geruim kan word. Die leiers kan dalk verskoon word vir foute wat begaan is sover dit die temporale aanbetref, maar waar dit die wese van die mens raak, word dit n gesprek wat meebring dat die apostels en hul leerstellings in n ander lig beskou moet word. Die OAK se rekord, en veral die optrede van die “wit” leierskap gedurende die apartheid era, strek nie die beeld van die kerk tot eer nie. Daar moet nog huis skoon gemaak word.
- 1.7** “Kaptein, kaptein.....o, waarheen ry die trein” is die titel van n gewilde afrikaanse popliedjie wat die strekking van hierdie geskrif netjies vasvat. Die vraag is egter: waarheen “vat” die leierskap die OAK? Is daar al n ontwikkelingsplan vir die volgende 10 – 15 jaar? Indien nie, dan het die leiers hul eie trein alreeds verpas. Die leierskap van die OAK kan nie meer voortgaan om hulle aan die sogenaamde wereld se geld en gerief te vergryp en dan nie betrokke wil wees by gemeenskapsontwikkeling beide binne en buite die Kerk nie. Ons kort visioenere leiers wat die nodige moed en durf het, soos hul bybelse voorgangers wat nie bang was om onderstebo gekruisig of onthoof te word nie.
- 1.8** Indien die nodige strukture vir onbevange openbare gesprek/debat in die OAK bestaan het, sou hierdie geskrif oorbodig gewees het. Die doel hiervan bly steeds om nie mense op te sweep nie, maar eerder om gesprek/debat te stimuleer en ook sodoende sekere vaardighede onder die lede (veral die jeug) te help kweek. Die “verbod” op meningsverskil is n draak/monster. Getroue, diep gelowiges het n godgegewe reg om van mening te verskil met hul medemens (apostels en ander ampte) in die OAK wat mensgemaakte reëls eensydiglik bedink/prakseer en dan op hulle wil afdwing. Dit is immoreel en strydig met die handves van menseregte, asook Christus se leerstellings. Interessant genoeg, toon die sogenaamde “ORDE” van die OAK sterk ooreenkomste met die een van die bybelse Hoofpriester Kajafas en sy Joodse Raad.

## **2 Agtergrond**

- 2.1 Gloria Patria: “Soos dit was in die begin, is dit nou, en sal altyd bly; wereld sonder einde. Amen”.** Hierdie loflied, kenmerkend aan die einde van alle byeenkomste in die OAK, is veronderstel om aan te dui en te bevestig die onveranderlikheid en getrouheid waarmee die OAK sy herkoms en toekoms bejeen. Die vraag is: waarom is daar met die wysie van hierdie lied na 1972 gepeuter? Dit is verander. Die antwoord is eenvoudig: om die kerk te onderskei van die nuwe broederkerk wat in 1972 tot stand gekom en besluit het om getrou al die tradisies van die kerk van 1927 (Apostel Klibbe) te omarm. Die tydperk onmiddellik na die breuk was gekenmerk deur twee apostoliese kerke wat dogmaties in alle opsigte identies was, behalwe vir die feit dat die OAK onder eksklusiewe “Wit” beheer was, apartheid goedgesind en derhalwe onbeskaamd teen sy nie-blanke broers en susters gediskrimineer het. Dit was die goue era van apartheid en die “wit” OAK-leierskap van die tyd was dikwels indirek medepligtig aan kortsigtige, irrasionele en bedenklike vergrype wat bruin en swart gemeenskappe geïmpakteer het.. Die heersende politieke klimaat het sodanige topbestuursaksies binne die OAK dermate beïnvloed. Die leierskap het apartheid nooit teen

gestaan of saam met ander kerke standpunt ingeneem ten opsigte van onmenslike optredes teen hul eie lede deur agente van die regering van die dag. “Wit” leiers van die Kerk was ook nooit bekend vir liberale sosiale denke nie, ongeag die feit dat hulle die selfaangestelde leiers van die benadeelde bruin en swart massas in die Kerk was.

Die getorring aan die Gloria Patria deur die apostels van die OAK was dus die eerste tree op n lang pad van die wegbeweeg vanaf die grondliggende struktuur en gees van die kerk van 1927. Aanvanklik was dit ook die mees opvallendste verskil tussen die twee apostoliese kerke. Soveel so, dat dit byna n atmosfeer van “schadenfreude” binne OAK geskep het. Amper asof hulle tong vir die nuwe boetie in die buurt wou uitsteek. Die gesangboeke is ook later verander. Ofskoon die leierskap dit steeds ontken, is skuiwe soos hierdie belangrike bakens op die landskap van enige kerklike instansie. Nou waarom dit ontken? Die hele wereld daarbuite het dit opgemerk!

**2.2 Liturgie/seremonieele gebruike:** Asof bogemelde nie genoeg was nie, is daar op hierdie terrein ook sonder slag of stoot gaandeweg ingrypende veranderinge aangebring wat die kerk fundamenteel verder van sy basis van 1927 gedryf het. Dit is nie net die liturgie wat verander het ten opsigte van die bediening van n ontslape siel by die afsterwe en begrafnis van lede, asmede die bediening van die krip nie, maar dit is veral wat met die profetiese dimensie van hierdie formuliere aangevang is wat die kerk fundamenteel van sy basis losgeruk het. Troosdienste is oornag afgeskaf en die begrafnisdiens het ontaard in n yskoue, onpersoonlike seremonie waartydens die oorledene en die bedroefde naasbestaendes feitlik irrelevant geword het, terwyl die preek dikwels hoog bo oor almal se koppe verby gaan. Dieselfde geld ook vir die hantering van die gawe van profesie tydens eredienste. Die handeling deur die ouderling tydens geloofsgenesingsessies is ook drasties verander en vervlak. Daar word openlik gesuggereer dat die kragte waaroor die OAK tradisioneel beskik besig is om dramaties af te neem. Kras gestel: wat in werklikheid verander het, is dat die OAK hom nou distansieer van die tradisionele kommunikasie met ontslape siele en ander geeste, asook n gepeuter aan die profetiese dimensie, n tendens wat konsekwent ten grondslag van die groot breuke in die apostoliese beweging hier te lande en in Duitsland gelee is. Die OAK is, onder andere, presies uit so n situasie in 1915 gebore en in 1927 bevestig. Waarskynlik die grootste ewel wat sedert 1972 in die OAK deur sy leiers gepleeg is, was die verandering in die bediening van die nagmaal; wat duidelik uit n apartheid mentaliteit gebore is omdat dit voorkom het dat “wit” en “swart” lippe uit dieselfde beker sou moes drink nadat rassewetgewing en rassisme in die land finaal die nekslag in 1994 toegedien is. Die apostolaat se rasionaal en die betrokke omsendbrief (Mei 1993) daarvoor, lek erger as n goedkoop sif. Dit is dus nie vergesog om te suggereer dat die sakrament ontheilig en besoedel is deur die apostels, n situasie wat tot vandag toe nog nooit formeel met die gemeentes opgeklaar is nie.

Die OAK van 2012 is in wese onteenseglik nie meer dieselfde kerk van 1972 nie, alhoewel daar van lede (en ampte) verwag word om sonder teenspraak te aanvaar dat niks in hulle kerk oor die jare verander het nie. Die probleem hiermee is dat diepgelowige, niksvermoedende lede hierdie wanboodskap aan die “sogenaamde” wereld moet gaan verkondig. Hierdie betoog/skrywe het niks teen verandering nie. Die vraag wat egter eerlik deur die leierskap beantwoord moet word, is: was ons dan al die jare verkeerd? Wanneer en

waar het God vir ons laat weet dat ons verkeerd was? Die dinge wat verander is, is tydloos en onverganklik; dit het te make met die “goeie oude tyding” wat Jesus Christus en sy apostels aan ons nagelaat het. Die leierskap van die OAK skuld die Kerk dus n verduideliking. Dit is verwickelinge soos hierdie wat die kerk se geloofwaardigheid aantast en die mat onder die voete van sy getuienisdraers uitpluk. En dit nogal deur topbestuur self, wat in sokkerterme gereeld “own goals” teen hulle eie span aanteken. Is ons nog ernstig? Waarheen gaan die trein, kaptein?

**2.3 “Boere verneukery”:** Die veranderinge wat natuurlik die OAK (na 1972) se goeie reg was om aan te bring, versluier egter n afskuwelike en skandalige sosio-politieke inisiatief. Terwyl hulle getrou gebly het aan die dagorde/voorskrif in die OAK waarvolgens lede en ampte in alles wat hulle doen slegs op die geestelike en sielsaligheid moet fokus, het die oorgrote meerderheid van hulle nooit opgemerk hoedat topbestuur vermoedelik al sedert die laat sestigerjare geruisloos en met briljante voetwerk alles stelselmatig in plek gekry het om **“wit baasskap”** finaal in die kerk te konsolideer. Dit sal onthou word dat gemeentes voor 1972 n beduidende seggenskap oor hulle finansies gehad het en dat die mobiliteit van hoofkantoor tot groot hoogte daardeur aan bande gele is. Dit is hierdie groeiende kapasiteit en potensiaal onder veral die nie-blanke gemeentes (belangrikste melkkoeie van daardie tyd) wat dit vir die sogenaamde afgesette Apostels Ndlovu (1968) en Lombard (1972) moontlik gemaak het om hoofkantoor te konfronteer oor die diskriminasie en rassisme wat ten opsigte van hulle velde gepleeg is en hoedat dit die blanke sektor bevoordeel het. Gegewe die handige hefboom wat die goue era van apartheid indertyd aan die “wit” apostels gebied het, asook die regshulp van kundiges uit die sekulere wereld, kon genoeg tegnikaliteite klaarblyklik opgestapel word om die twee gerespekteerde, uiters bekwame, begaafde en geliefde apostels van hul ampte te onthef. Die gemeentes was gruwelik misken in hierdie optredes en omstrede maatreels was ingespan om n kliniese operasie te verseker. Die oorgrote meerderheid nie-blanke lede en ampte is tot vandag nog onbekend met wat werklik gebeur het. “Wit” gemeentes het nie eens die vaagste benul van wat in hulle kerk plaasgevind het nie. Dit was maklik omdat die regeringsbeleid van die dag sulke optredes onderskraag het en omdat dit algemene praktyk was ten opsigte van nie-blanke leiers wat dit gewaag het om die gesag van die “wit establishment” uit te daag. Daarbenewens was die “wit” leierskap van die OAK, selfs vandag nog, nooit bekend vir liberale sosiale denke nie. Tot tyd en wyl die lug gesuiwer en die rekords van die OAK reggestel is ten opsigte van die onttroning van die twee apostels, behoort hierdie **verraderlike daad** as een van die grootste skandale in die geskiedenis van die OAK opgeteken te staan.

Ofskoon die gedaantewisseling in die wese en modus operandi van die OAK na 1972 inkrementeel en sonder moeite georkestreer is, was die klaarblyklike doelbewuste en fyn berekende ondermyning en uiteindelijke immobilisasie van die bruin en swart kapasiteit wat agter die skerms suksesvol uitgevoer is, die hoofsaak. **Hegemonie** van die “wit” kultuur is op bruin en swart afgedwing en sodoende verhef tot die nuwe amptelike kultuur en beeld van die OAK. Gemeentes is ook finaal gestroop van enige seggenskap oor eie sake wat tot 1972 gegeld het. Gedurende hierdie “skoonmaak periode” was daar geen swart of bruin apostels in die voormalige velde van die afgesette Apostels Ndlovu en Lombard nie. Die grondwet van die kerk is ook dermate aangepas sodat nie-blanke apostels nooit weer in

dieselfde posisie as die van die twee afgesette apostels sou wees nie. Daarom is nie-blanke apostels in die OAK vandag feitlik impotent sover dit die magspolitiek in die kerk betref. En omdat hulle ook skynbaar “versigtig” gekeur is vir die bediening, is dit onmoontlik vir hulle om die amp met dieselfde integriteit en morele gesag soos hulle manmoedige en gerespekteerde voormalige ampsbroers te kan beklee.

Die tydperk is ook gekenmerk deur n **ongekende proliferasie** in die aantal nuwe ampte wat oornag in die geaffecteerde velde van die afgesette apostels verorden is. Kwaliteit is in baie gevalle ingeboet, want die verskuilde agenda onderliggend aan hierdie inisiatief was die toepassing van die eeue oue beginsel van magsmisbruik: “**divide and rule**”, ten einde die magsblokke van die betrokke velde so te versnipper dat die “wit” gesag in die OAK nooit weer deur die potensiaal van n moontlike nie-blanke oorname bedreig sou word nie. Die bruin en swart ampte van daardie tyd kon egter nie deur hierdie slenter sien nie en het die nuwe bedeling reikhalsend verwelkom. Dit is te betwyfel of hulle ooit agterna besef het hoe hulle weer n sarsie “**boere verneukery**” ten prooi geval het. As in ag geneem word dat die Apostel Lombard in beheer was van alle bruin en swart velde in die **Wes en Oos-Kaap** en dat die twee groepe onder sy leierskap uitstekende verhoudinge handhaaf het en daarom gemene saak met mekaar begin maak het, is dit te verstane hoekom die “wit establishment” benoud begin raak het. Die betrokke velde was ook die enigste waar die kerk dinamiese groei ondervind het. Duisende nuwe lede is jaarliks deur hom verseel, iets waarvan sy “wit” broers tot vandag toe slegs kan droom.

Ten spyte van al hierdie dramatiese gebeure, asook die afskaffing van apartheid sedertdien, bevind OAK gemeentes hulle in die jaar 2012 nog steeds in n kerk wat uit drie rasgebaseerde kampe bestaan. Behalwe vir senior ampte wat maandeliks administratief in n veelrassige konteks vergader, asook die minderheid nie-blanke lede wat sedert 1990 na voorheen uitsluitlik blanke woonbuurte verhuis het, is die OAK nog steeds in n **apartheidsgewaad** gehul. Ten spyte van koersagtige ontkenning hiervan deur die leierskap, is voortdurende insidente van rassediskriminasie in die Kerk nog steeds aan die orde van die dag. Die OAK het fundamentele probleme en die leiers weier nie net om dit aan te spreek nie, maar verkies klaarblyklik om in n staat van ontkenning voort te ploeter. Kortom gestel, afgesien van n nie-blanke meerderheid in ledetal en gemeentes, word die kerk steeds as n “**wit**” kerk geprojekteer wat onwrikbaar in die kloue van n kortsigtige, konserwatiewe wit minderheidsbestuur vasgevang is.

Die **grondwet** van die kerk, wat nog nooit deur n kollektief van al die gemeentes aanvaar en goedgekeur is nie, is ook gaandeweg aangepas om die administratiewe infrastruktuur te verskaf wat “wit” minderheidsbestuur sou verseker. Een van die gebreke van die grondwet is die afwesigheid van die nodige **wigte en teenwigte** om die kerk te vrywaar teen korrupsie en om verantwoordbare administrasie te verseker. Afgesien van die feit dat topbestuur onbeskaamd en vreesloos hul eie salaristjeks bepaal en uitskryf sonder inspraak deur n moniteringsinstrument waarin die gemeentes demokraties verteenwoordig is, is daar die netelige kwessie van die **hantering van tenders en die toekenning van kontrakte** waaroor daar geen geloofwaardige en deursigtige beheer uitgeoefen word nie. Een van die grootste euwels is die feit dat senior ampte wat in die maandelikse bestuursvergaderings sit ook persoonlik by die toekenning van kontrakte baat. Grondwetlike verandering wat deursigtige

en verantwoordbare administrasie in die kerk sal waarborg, is die groot enkele vraagstuk waaroor daar voete gesleep word. Die vraag bly dus: hoe geloofwaardig is enige finansiële oudit, en andersins, wat onder die huidige omstandighede gedoen word? n Ander tragedie is natuurlik dat die apostels en ander top amptenare van die OAK van die hoogs, indien nie die hoogste, besoldigde kerkamptenare in die land of selfs die wereld is. En wat kry die kerk in ruil daarvoor? n Derderangse produk. Dit laat n mens onwillekeurig dink aan die kwaai woorde van **Jesus** toe hy met die sweep onder die spul handelaars in die tempel ingeklim het: “wat veronderstel is om n **huis van gebed** te wees, het julle in n rowersnes omskep”.

In n hedendaagse samelewing waar demokrasie (deelnemende bestuur) - nie juis n vreemde verskynsel in die tyd van Jesus en sy navolgers nie – stelselmatig op alle lewensvlakke in die land verdiep word, lyk dit asof die OAK verkies om eerder verder in die donker eeue terug te beweeg deur, byvoorbeeld, addisionele outokratiese tugmaatreels op sy ampte (wat nie besoldig word nie) van toepassing te maak. Die eed van getrouheid word aangepas namate topbestuur teenspoed met sy bestuurstyl ervaar en nuwe vorms moet nou onderteken word, ongeag jare diens en senioriteit. Ampte wat dit waag om die gevreesde kerk “ORDE” te bevraagteken of teenstaan, word bedreig deur summiere ontslag en enigiemand anders loop gevaar om ge-ekskommunikeer te word. Geloofwaardige formele strukture vir konflikresolusie in die kerk ontbreek. Die leierskap verloor perspektief deur dikwels te vergeet dat hulle “ORDE” en hoofkantoorpolitiek mensgemaakte instellings is, wat niks met sielsaligheid te doen het en dus geen punte by God tel nie.

Benewens die geestelike dimensie in die OAK waaroor die apostels die vanselfsprekende mandaat het om te beheer en te dikteer, het sake in die kerk dermate ontwikkel dat hulle ook die uitsluitlike beheer en seggenskap oor die temporale dimensie in die Kerk het. Gegewe die enorme omvang van die administrasie van die OAK as gevolg van n stelsel van sentrale beheer en daarom volgens die huidige bestuurstyl die leeu aandeel van die aandag en energie van die apostels skynbaar verg, is dit nie vergesog om te suggereer dat die verganklike oenskynlik belangriker as die onverganklike vir die apostels van die OAK geword het. Daar is maar net vier en twintig uur in n dag en sewe dae per week. Sulke omstandighede pas Lucifer en Mammon natuurlik soos n handskoen. So Kaptein, waarheen ry hierdie (OAK) trein?

### **3 Gevolgtrekkings**

**3.1** Ofskoon die fasade uiterlik nog ongeskonde vertoon, is die OAK lankal nie meer die kerk van weleer nie. In wese het dit fundamenteel verander. Die ironie/tragedie is dat die lede (en meeste van die ampte) dit nie besef nie. Indien die Apostolaat dink dat hulle hiermee weggekome het, sal hierdie ontwikkeling in die geskiedenis van die OAK bly vassteek as seker die grootste strategiese oordeelsfout wat hulle begaan het. Hierdie doodsbeendere gaan weer vlees ontwikkel en die kerk dan soos n orkaan tref. Die gedaantewisseling is duidelik opvallend vir enige ingeligte waarnemer buite die kerk, terwyl die OAK-leierskap blykbaar die volstruis benadering tot hierdie vraagstuk verkies. Niks minder as vindingryke leierskap, gesteun deur die nodige wil en waagmoed om veranderinge in te voer, word benodig. Die era van verkrampde denke en bestuurspraktyke in leierskapskringe is nie net uitgedien nie,

maar grens ook aan onchristelike optrede wat onder n vergrootglas geplaas behoort te word.

- 3.2** Deur fundamenteel te verander, het die OAK in die proses na links op die apostoliese spektrum geskuif. Deur onverbiddelik tradisioneel te bly, het die nuwe broederkerk van 1972 sedertdien die oorspronklike plek van die OAK oorgeneem en homself oor n tydperk van veertigjaar onbeweeglik daar geanker. Met ander woorde, die OAK kan nie meer daarop aanspraak maak nie. In sy skynbaar konstante beweging na links loop die OAK gevaar om met ander apostoliese kerke wat reeds daardie ruimte beklee, te bots. Die OAK stuur dus op n bestaanskrisis af. Hoe lank gaan die verbod op openbare debat in die kerk oor sy welstand nog voortduur? So, kaptein....waarheen spoed die trein?
- 3.3** En as die OAK met die huidige bestuurstyl tot dusver oorleef het, is dit geen waarborg vir toekomstige sukses nie. Dit is nie volhoubaar nie en die waarskuwingsligte flikker alreeds n geruime tyd. Die Apostolaat kan dus daarvan beskuldig word dat hulle nie die beste belange van die Kerk dien nie. Outokratiese, sentrale beheer (USSR-styl) soos tans die geval, maak volhoubare groei en ontwikkeling onmoontlik omdat die gemeentes nie seggenskap het oor, en eienaarskap van, eie sake het nie. Dit is geen geheim dat sodra magsdeling plaasvind, die huidige wurggreep en gepaardgaande gemaksone wat topbestuur tans geniet finaal tot die asblik van die geskiedenis verban sal word. n Nuwe vennootskap tussen hoofkantoor en die gemeentes is n voorvereiste vir ontwikkeling en vooruitgang in die OAK. n Apostoliese kerk is veronderstel om n kerk van die mense te wees wat deur hulle self onderhou en beheer te word..
- 3.4** Die beeld van die OAK, veral soos dit voor 1972 daaruit gesien het, moet in ere herstel word. Dit was destyds die trots van die OAK dat alhoewel nie alle mense aan die kerk wou behoort het nie, was sy standpunt en teenwoordigheid desnieteenstaande altyd met agting bejeen. Derhalwe, die dinamiese groei wat die kerk veral in nie-blanke geleedere beleef het. Sosiale verval in die OAK vandag is net so endemies soos in die meeste ander kerke. In die geval van sy gemeentes in veral agtergeblewe gebiede, is dit hoogtyd dat die OAK by opheffingsprogramme vir die inwoners betrokke raak. Vir die eerste keer na baie jare sal dit die apostels wees wat die leiding in hierdie broodnodige uitwaartse beweging moet neem, net soos dit in bybelse tye gedoen is.
- 3.5** En net voordat daar dalk oorgegaan mag word tot die moontlike teregstelling van die boodskapper, is dit belangrik om aan te dui dat die menings wat hierbo uitgespreek is maar eintlik n samevatting is van alle kommentaar, ideale, vrese, besware, ens., wat meeste lede (en veral ampte) daaglik mee wroeg en opkrop. As hulle dit nie openbaar maak nie is dit hoofsaaklik omdat meningsverskil nie in die OAK geduld word nie en ook omdat daar nie die nodige strukture bestaan wat reguitpraat en formele openbare debat fasiliteer nie. En as die leiers hulle dan verwys na die bestaande gebrekkige strukture wat hulle as voldoende voorhou, moet daarop gelet word dat daardie betrokke strukture nooit toegelaat word om behoorlik getoets te word nie. Laat ons maar eerlik wees: dit is algemene praktyk/voorskrif in die OAK dat jy jou "bek" hou en doen wat vir jou gese word om te doen. Konflikresolusie is n aspek waarmee die leierskap op alle vlakke in die Kerk duidelik nog nie gemaklik is nie. Hierdie skrywe is dus die stem wat andersins ten alle koste in die kerk dood gedruk word.

Die goeie nuus is dat almal, veral die ampte, wat dit gelees het nooit eendag sal kan se dat hulle nie die boodskap gekry het nie. En as daar gedreig word dat verandering slegs oor sommige manne se dooie liggame sal plaasvind, dan wag ons maar totdat hulle dood is, soos al male sonder tal in die geskiedenis van die mensdom gebeur het. En dan vernietig ons hulle “empire”, terwyl hulle in die hiernamaals oor hul halsstarrigheid en pligsversuim verantwoording moet doen.

- 3.6** Die belangrikste aspek van die dilemma waarin die “wit” topbestuur van die OAK hom tans bevind, is om n proses van verandering te aanvaar wat die einde van “wit” heerskappy gaan beteken.

#### **4 Die pad vorentoe**

- 4.1 Hervorming:** Gesonde verstand dikteer dat die bestuurstelsel en styl wat tans in die OAK geld, nie volhoubaar is nie. Dit is nie net n sosio-ekonomies uitgediende konsep nie, maar ook n sosio-politieke kruitvat op soek na n vuurhoutjie. Al wat die huidige leierskap nog in die saal hou, is die feit dat hulle nie verkose ampsdraers is nie. Maak dit moontlik vir lede en gemeentes om te stem en hulle is nog voordat n mens kan se “Kain” op hulle sitvlakke by die agterdeur uit. Grondwetlike en administratiewe hervorming is die rotsvaste begin vir die OAK op n nuwe pad van ongekende groei en ontwikkeling, waar respek vir menswaardigheid die wagwoord is.

- 4.2 Konflikresolusie:** Namate n demokratiese bestel in die OAK posvat en n kultuur van deelnemende bestuur van bo tot onder deur alle vlakke filtreer, gaan daar in die proses nog sommer baie kop gestamp word en humeure opvlam. Dit is hoekom dit noodsaaklik sal wees om die relevante strukture vir konflikresolusie in plek te he. Interne tribunale van verskeie omvang en status sal dus van die strukture moet wees wat n nuwe beslag aan die Kerk se organisatoriese argitektuur sal gee.

- 4.3 Kultuur:** Soos die res van die land, is die lede en gemeentes van die OAK n multi-kulturele opset en skatkis soos min. Dit is jammer dat die bruin en swart gemeentes se kulturele opbloeï in n kritieke stadium gestonk was deur die kortsigtige en onetiese optredes van “wit” apostels wat bang was vir die toekoms. Gedurende die laat sestiger en vroeë sewentigerjare onder leiding van die Apostel Lombard het swart en bruin talent in die OAK beloof om die Kerk kultureel tot ongekende hoogtes te neem. Dit is nog nie te laat nie. Ons kan weer begin en die Kerk omskep in wat dit veronderstel is om te wees – n vesting van uitnemendheid waar die Profeet en die Evangelis en die Herder tot hulle reg kan kom. Dit is die Kerk se grootste bate. Die moontlikhede is legio – feeste, kompetisies, konserte, uitvoerings, ontwikkeling van n konserwatorium en ander institute. Maar, dan moet die gesalfde ampte terugstaan en dit vir lede/gemeentes moontlik maak om in eie reg op hierdie gebied te gedy en hulle te onderskei as goed genoeg om met die beste in die wereld vergelyk te kan word. Die ampte se dienste sal in n toesighoudende hoedanigheid benodig word, dit waarvoor hulle in die eerste plek gesalf is.

- 4.4 Opleiding:** Daar sal net aanvaar moet word dat opleiding oor die hele spektrum in die OAK die sleutel nie net tot volgehoue groei en ontwikkeling is nie, maar ook die gesogte prestasie sover dit uitnemendheid aanbetref. Opleiding vir ampte is n gegewe. Daarna volg



die Sondagskool, die jeug in al sy fasette, programme vir volwassenes en bejaardes, ens. Biblioteekgeriewe by hoofkantore vir navorsing en ander verwante aktiwiteite sal ook n baie handige hulpmiddel wees. Kennis is lig. Stel jou voor wat n OAK sou kon vermag as al die bogemelde elemente in plek is.

- 4.5 Bemagtiging van gemeentes:** Hervorming van die administratiewe model moet noodwendig lei tot strukture wat gemeentes sal bemagtig om eie sake te behartig. Streek en nasionale kongresse waar gemeentes direk verteenwoordig word (nie net ampte nie), is die OAK se voorland. As deel van die kerk se interne sosiale verantwoordelikheid, sal elke gemeente n eie kerkkantoor, of n gemeenskaplike kantoor in die geval van woongebiede met meer as een gemeente, moet beskik om na plaaslike welsyn en ander verwante behoeftes om te sien.
- 4.6 Beeldbou:** Kwynende getalle en negatiewe statistiek sover dit die evangelisasie program van die Kerk betref, behoort waarskuwing genoeg te wees dat daar aan ons beeld gewerk sal moet word. Sonder om op die tone van hooggeplaastes te trap, is dit net logies dat die gesprek hieroor in die Kerk wyer gespan moet word en meeste van die bestaande heilige koeie geoffer word. Daar word gespot dat ons apostels vals is. Hulle (spotters) is dalk nie noodwendig verkeerd nie omdat hulle maar slegs “profeteer” oor wat hulle in die OAK raaksien. Ons sal die teendeel moet bewys, anders kan ons maar die handdoek ingooi. Jesus en sy apostels het die voorbeeld gestel en hulle belofte aan die nageslagte is: “julle sal meer doen, want julle sal meer tyd he”. Hoe lui die gesegde: “ n goeie begrip het n halwe woord nodig”. As ons dit teen hierdie tyd nog nie verstaan nie, te vergeefs dan is al ons aspirasies en halfhartige pogings om n goeie indruk te probeer skep.
- 4.7 “Swart” apostel in die Wes-Kaap:** Om klaarblyklike redes bly hierdie onderwerp die “Achilleshiel” van die OAK in die Wes-Kaap. Daarom kan geen gesprek oor die Kerk sonder hierdie aspek volkome wees nie. Wat het die “swart” gemeentes van die streek dan gesondig dat hulle so gestraf moet word? En tog word sondes soos klokslag elke maand in die Kerk vergewe. Feitlik alle ander “swart” gemeentes in die land word deur n apostel uit eie geledere bedien. Dit was die Wes-Kaap nog nooit sedert die begin van die Kerk in 1927 beskore om n “swart” apostel te he nie. Feit is dat dit n oorblywende kankersel uit die apartheid era is wat nog in die liggaam aktief is. Hoe dit ookal sy, hierdie toedrag van sake moet aan diskriminasie en wantroue toegedig word. Dit is uiters plofbaar, dog die oplossing daarvoor is vanselfsprekend en eenvoudig. Indien die huidige topbestuur in die streek nie vir die taak opgewasse is nie, behoort hulle so gou doenlik plek te maak vir n meer dinamiese span wat die erns van die saak sal insien en die streek te omskep in die suksesverhaal waarvoor dit in die wieg gele is. Dit is nie net “swart” gemeentes wat by die dienste van n “swart” apostel sal baat nie, maar die hele Kerk (bruin en wit ook). Dit is n stem wat tans ontbreek en n besondere engel waaraan “wit en bruin” bloot gestel behoort te word.
- 4.8 Huise van Juda en Israel:** Ongemaklik en onwelkom soos dit mag klink, kan die hereniging van die huise van Juda (ROAC) en Israel (OAK) nie meer geignoreer word nie. Die wiel hoef nie weer hiervoor uitgevind te word nie: die bybelse resep is daar om te dien as die wolkolom bedags en die vuurkolom as dit nag word. n Meer toepaslike resente wekroep sou dalk die slagspreuk van n voormalige Suid-Afrikaanse politieke kolos, dr DF

Malan, wees: “bring by mekaar wat uit innerlike oortuiging bymekaar hoort”. Hierdie taak het niks met die voorkeure van vlees en bloed te doen nie. Dit gaan oor die skape wat aan die einde van n lang dag veilig in die kraal behoort te wees. En die goeie herder sal die nege en neentig veilig in die kamp besorg en dan sy lewe waag om na die honderdste een te gaan soek. Die woorde van Mattheus 7: 22 – 23 bly egter die uiteindelijke arbiter ten opsigte van diegene wat hierdie proses probeer verydel.

## **5 Slot**

**5.1** En as daar teen hierdie tyd nog persone is wat hardvotig daarmee volhou dat niks verander het nie, is hulle natuurlik heeltemal reg ten opsigte van twee kardinale aspekte – die behoud van “wit” baasskap in die OAK, asook die interessante wyse waarop daar sedert die vroegste jare in die kerk met multi-miljoene rande se kerkgeld (openbare fondse/bloedgeld) omgegaan word. Indien die gemeentes verkies om langer hieroor stil te bly, dan moet hulle maar die etiket van medepligtiges ruitelik aanvaar. Miskien moet hulle dan maar nog verder onderdruk en vertrap word, totdat hulle besef wat werklik in die paradys aangaan.

**5.1.1** Die OAK is n openbare instelling wat met openbare fondse in stand gehou en bedryf word, openbare fondse wat oor die jare deur die gemeentes bygedra is. En dan word die gemeentes uitgesluit van alle formele gesprekke en besluitnemingsprosesse in hulle eie Kerk. As dit tot nou toe vir die apostolaat gewerk het, is dit beslis nie die resep vir oorlewing nie. Mense wat uit kerkgeld hul salarisse en lone verdien, is werknemers wat aan die werkgewer (gemeentes kollektief) verantwoording moet doen. Die OAK sit dus hier met n situasie waar klaas nie net baasspeel nie, maar ook aan die baas op sy eie plaas dikteer waar om “af te klim”. Hulle is aan niemand, behalwe hulle self, verantwoordbaar nie.

**5.1.2** Miljarde rande wat voortdurend spandeer word om kerksale op te rig wat bedoel is om vir meer as n honderd jaar nuttig te wees, is seker een van die grootste insidente van die verkwisting van n skaars hulpbron in ons tyd. Die geboue wat sonder enige inset deur n gemeente vir hulle ontwerp en opgerig word, is, afgesien van die feit dat die gebou nie doelmatig ontwerp is vir gebruik in n holistiese benadering tot gemeenskapsontwikkeling nie, “wit olifante” wat meeste van die tyd agter slot en grendel is en by wyse van afstandbeheer deur hoofkantoor bestuur word. Die gemeente kan nie eienaarskap van hul gebou neem nie, want hulle het geen seggenskap daarvoor nie. Die ontwerp hou ook nie tred met sosio-maatskaplike tendense in die bree gemeenskap nie, maar intussen is die kontrakteurs en argitekte/tekenaars weg met die mense se geld. En dan spreek die apostels nog hul seen daarvoor uit.

**5.1.3** Die ketting is so sterk soos sy swakste skakel. Hoofkantoor en die apostels het nie al die wysheid en kennis in pag nie sover dit die temporale behoeftes van die uiters diverse aard van al die gemeentes aanbetref. Kenridge kan, byvoorbeeld, nie met Blikkiesdorp vergelyk word nie. Net so kan Delft ook nie met Khayelitsha vergelyk word nie. En Bellville-suid nie met Idasvallei (Stellenbosch) nie, Bothasig nie met Avondale nie, en Khaya Mandi nie met Langa nie. Gebiede en gemeentes het hulle eie besondere karakters, geskiedenis en toekomsblik. Daarom kan die stem van die gemeente (nie die priester en Oudste wat voorsit nie) nie van die verskillende relevante bestuursvlakke in die Kerk uitgesluit word nie. Huidiglik kan gemeentes nie eers hul eie voorsitters kies nie; dit is gewoonlik n priester wat

die oudste se “witbroodjie” is. Die skrif aan die muur blyk te wees: “slim het sy baas gevang. Die dae van die huidige bedeling is getel, omdat dit nie volhoubaar is nie. En n ‘OAK-lente’ is ook nie meer so n vergesogte verwickeling nie ”.

**5.2 Kaptein:** Dit is slegs skepe, vliegtuie en sportspanne wat deur n kaptein gelei word, maar beslis nie n trein nie. Hoe dit ookal sy,te oordeel aan die modus operandi in die OAK en veral die lyftaal van topbestuur, wil dit voorkom asof die trein van die OAK onder bevel van n ontoegeeflike kaptein staan wat van lande na stande deur die wereld probeer jaag. Baie van die passasiers, veral die ampte, ervaar dit as n lekker trein - gedeeltelik sous en dan tweede en derdeklas - maar dan is daar ook baie ander lede (en ampte) wat brand om te wil weet: “Kaptein, kaptein....o, waarheen ry die trein” ?

Bellville

20120814

(Wesley Johanneson is ook die sekretaris van die FORUM)